RAPPORT, Weekliks
20 Mar 2011, p.3

“Omdat die boek onlangs bekroon is met die Europese Unie se literêre prys is mens in die versoeking om die outeur die voordeel van die twyfel te gee, om van genialiteit eerder as eksentriekheid te praat, en van sinspeling eerder as oordaad.



Deeper than Colour **deur James Clelland. Uitgewer: Jacana. Prys: R145**

Hipnotiese tog deur siek klein wêreldjie

Deeper than Colour deur James Clelland. Uitgewer: Jacana. Prys: R145. Resensent: Anthony Egan.

Daar is sommige karakters in fiksie van wie ek uit die staanspoor nie hou nie. Hulle is gewoonlik selfvoldane wysneuse of snotterende klein jammergatte wat die leser (arme ek!) wil oortuig hoe erg hulle gely het. En soms is hulle nog paranoïes ook.

Angus Smith, hoofkarakter en -verteller in James Clelland se roman, is presies so 'n haatlike verskoning vir 'n literêre lewe. Van die begin af trek Clelland ons in by Smith se klein wêreldjie van paranoia, selfbejammering en afloerdery.

Hy is miserabel oor sy lewe, kry nie die aandag wat hy begeer nie en begin skelmpies homself en die mense om hom verfilm – sy vrou, kollegas en sy minnares.

Maar dit is meestal oor homself. Hy spioeneer op almal en maak homself die ster in sy eie klein prulrolprent.

Regdeur die rolprent wurm hy hom in ander mense se lewe in en behandel hulle met die soort minagting wat dié leser baie gou vir sy karakter begin voel het.

Algaande, en soos die “karakters” in sy rolprent vir hulself begin praat, word ons fokus op dié nare mannetjie versteur. ('n Mens vra jou af of jy die bewussyn van die ander karakters betree, of word dié “onderhoude” opgeneem vir 'n rolprent oor of deur Smith?) Skielik word alles onseker.

Hy, natuurlik, en ander probeer verduidelik dat sy narigheid spruit uit die post-traumatiese stres (PTS) weens sy ervaring as 'n recce tydens die grensoorlog in Namibië. As dit waar is, natuurlik.

Die “teenstellende stemme” in die roman suggereer by tye dat hy oordryf. Ons vermoed ook dat sommige van sy subjekte, soos sy minnares Marcella, dalk weet dat hulle verfilm word.

En dat sy vrou geen illusies meer oor haar man het nie. Of dat sy ma, 'n invalide, baie goed weet wat haar seun se houding teenoor haar is.

Vir 'n groot deel van die roman is die verhaallyn 'n soort bewussynstroom (in die geval van Smith 'n stroom van bombasme) wat uitloop op 'n skokeinde, 'n gepaste ironiese kinkel.

Maar hoe gemaak met die roman? Is dit briljant of self-genotsugtig; vernuftig of vlak; astrant of inderwaarheid 'n kortverhaal wat ly aan verbale vetsug?

Ek wil my verstout om te sê: Dit alles. Of geen van bogenoemde. Of alles en geen van dit.

Sentraal tot die sukses of mislukking van die roman staan die karakter Angus Smith. As hy die leser nie kan oortuig nie, misluk die roman. Hy is enersyds 'n boeiende karakter wat jou aangryp, jou by sy kopspeletjies insleep al walg hy jou.

Maar ander aspekte van sy persoonlikheid is oneg.

Hy is 'n argitek, maar hy maak soveel obskure literêre verwysings dat hy die gemiddelde professor in Engels skeelhoofpyn sou gee.

Hiermee sê ek geensins argitekte is ongeletterd of nie daartoe in staat om oor die lewe en denke van die Aleksandryns-Griekse digter Constantin Cavafy te besin nie. Maar hoe, waar en veral hoekom sou 'n nare klein boikie soos Angus Smith vasgevang word in die literatuur en mite van Cavafy?

Hoewel daar dalk 'n ooreenkoms is tussen Cavafy en Smith se mate van introspeksie (moontlike selfvernietiging, wie weet?), hoe ver gaan die analogie – vanuit 'n realistiese oogpunt – voordat alles uitmekaar val en die gevolgtrekking maak dat die outeur een literêre sinspeling te ver gegaan het?

Ek is ook nie so seker van die mate waarin Angus Smith aan PTS ly nie, en of dit bloot net 'n verskoning is om 'n onaangename mens te wees nie.

Maar wat ook al die waarheid oor sy gesteldheid, dit lyk of hy boonop aan akute Tourette-sindroom ly – hy is eenvoudig nie in staat om 'n sin of gedagte sonder 'n vloekwoord te uiter nie.

Ongelukkig is sy toestand soms aansteeklik en spoel dit oor na die ander karakters.

Omdat die boek onlangs bekroon is met die Europese Unie se literêre prys is mens in die versoeking om die outeur die voordeel van die twyfel te gee, om van genialiteit eerder as eksentriekheid te praat, en van sinspeling eerder as oordaad.

Na my mening probeer die boek net 'n bietjie te hard om slim te wees, meer as wat sy onderwerp toelaat of vereis.

Die resultaat is iets wat vir my nie heeltemal eg klink nie ... miskien omdat dit probeer om te veel te klink.

En tog het die roman 'n byna hipnotiese manier om jou in te trek, tot binne-in die siek wêreldjie van Angus Smith.

Ek het *Deeper than Colour* vir die eerste keer in een sitting deurgelees en toe weer. Maar met die tweede deurlees was die mag van die eerste lees verbreek.

Toe sien ek die bogenoemde leemtes raak; tog het ek die boek enduit gelees. En dit is miskien bewys van die werk se sterkte en waarde.

Want of ons daarvan hou of nie, ons word ingetrek in Smith se wêreldjie.

Anthony Egan is 'n vryskutresensent.